

Penniefluitjie

Hallo Maats,

Baie dankie vir elkeen van julle wat getrou elke Sondag die kategese of Sondagskool kom bywoon. Dis heerlik om julle elke keer te sien en saam met julle van Jesus te leer.

Nog 'n jaar is amper verby en daar is van julle wat al met eksamens begin het. Ek hoop julle leer sommer lekker en dat julle niks bekommernisse oor die eksamen het nie!

Gelukkig is dit net daarna weer tyd vir 'n lekker lang vakansie, so dis iets om na uit te sien.

Ons afsluiting is op 18 November en ek hoop julle gaan almal daar wees. Dan is dit nog die Kerssangdiens op die 25ste November en daarna is ons klaar vir die jaar met die Kategese/Sondagskool en sien ons julle weer die eerste Sondag nadat die skool in Januarie begin het.

Julle moet 'n heerlike vakansie hê en elke oomblik geniet. Mag julle veilig wees en volgende jaar sommer weer lus wees om saam met ons verder te kuier!

Liefde in Jesus,

Tannie Lita

**Junior Kategese
NG Rietfontein-Suid**

2012, Volume 2

November 2012

**Kerssangdiens op 25
November 2012**

Ons tree in die kerk op en julle moet asseblief almal 20 voor 9 voor op die gras voor die kerk-bymekaarkom - en onthou om mooi blink goeters in julle hare te sit, sodat julle almal soos engeltjies lyk!

Raai-raai wie is dit hierdie?

Kan julle raai wie op hierdie prentjies verskyn?


Kom ons kyk of julle die stories ook kan vertel - vra Pappa of Mamma of jou ouer boetie of sussie om te help as jy vashaak.



Prentjie No. 1



Prentjie No. 2



Prentjie No. 3

**Benodighede vir die
mooimaak van ons
klaskamers**

Ons wil graag die indeling van spasio by die kerk vir al ons klasse doen en dit begin mooi maak, sodat dit soos Sondagskool begin lyk en voel.

Oom Herman Labuschagne gaan help om dit te doen, maar ons het 'n paar dinge nodig waarvoor ons geld nie genoeg gaan wees nie:

- ◇ Matte
- ◇ Gordyne
- ◇ Skenkings / Borge
- ◇ Toesluitkassies vir elke klas
- ◇ Muurversierings

Alle bietjies help en ons het ons ouers nodig om te help, asseblief!

Kleure in die Bybel - net so bont soos kinders in die wêreld!

Het julle geweet dat daar van verskillende kleure ook in die Bybel gepraat word? Oom Casper Erasmus het sommer 'n lysie gemaak en nou is dit julle kans om uit te vind watter kleure dit almal is... Soek net die dele in die Bybel op en dan het julle die kleure! Net soos wat ons verskil, kry mens baie soorte kleure en selfs in die Bybel word daarvan gepraat

Lukas 9	Kleur	_____
Levitikus 13	Kleur	_____
Genesis 38	Kleur	_____
Eksodus 26	Kleur	_____
Eksodus 39	Kleur	_____
Genesis 1	Kleur	_____
Rigters 5	Kleur	_____
Genesis 30	Kleur	_____
Psalms 71	Kleur	_____
Genesis 2	Kleur	_____




Watter een pas nie?

Kyk of jy kan sien watter een nie in die lysies pas nie - trek 'n kring deur die een wat nie pas nie.

- * Mattheus, Markus, Lukas, Paulus
- * Saul, Dawid, Jonatan, Salomo
- * Reënboog, Ark, Babel, Duif
- * Genesis, Eksodus, Openbaring, Levitikus
- * Johannes, Judas, Petrus, Paulus
- * Sprinkane, Paddas, Luise, Steekvlieë
- * Dawid, Debora, Gideon, Simson

Het julle geweet dat daar mense is wat spesiaal prentjies teken om van die Bybel se mooiste versies uit te beeld? Wat sê hierdie prentjie alles vir jou?

CARRY YOUR BOOKS? A Joyful 'toon by Mike Waters



Casting all your care upon him; for he careth for you.
-1 PETER 5:7 KJV

Vul die ontbrekende Afrikaans of Engels van die Bybelboeke in

- ⇒ Genesis
- ⇒ Exodus
- ⇒ Levitikus
- ⇒ Numbers
- ⇒ Deuteronomium
- ⇒ Joshua
- ⇒ Rigters
- ⇒ Ruth
-
- ⇒ Matteus
- ⇒ Mark
- ⇒ Lukas
- ⇒ John
- ⇒ Handeling
- ⇒ Romans

Het julle almal gekry? Die Afrikaans is seker die maklikste, want die meeste van julle het Afrikaanse Bybels. Kyk nou of jy die Engels in 'n woordeboek kan opsoek. Natuurlik werk 'n tweetalige woordeboek albei kante toe, so dit kan jou met die Afrikaans en die Engels help - dit hang net af of jy 'n woordeboek kan gebruik!

Help die kerskous om by die kaggel uit te kom...



Kersfees 2012

Een van die dae is dit al weer Kersfees - die lekkerste tyd van die jaar! Ons is almal gek oor Kersfees, want dis in die vakansie, ons kry presente en eet die lekkerste kos en kan sommer nog laatslaap ook!

Maar, soos julle weet, is daar oral kinders wat nie 'n kersboom het om op te maak nie, nie presente kry of kos het om te eet nie. Kom ons maak hierdie jaar iets spesiaal vir ten minste een ander kind oor Kersfees. Gesels met Pappa en Mamma daarvoor en kom vertel vir ons volgende jaar wat julle saam gedoen het om Kersfees spesiaal te maak. Hier is so 'n paar idees:

- * Maak elke week in Desember 'n kospakkie wat met kersfeespapier toegedraai word en gee dit vir 'n bedelaarkindjie wat op die straat bly. Dis vier verskillende kinders wie se harte jy kan blymaak en terselfdertyd hul honger magies voed.
- * Wat daarvan dat jy al jou ou klere wat te klein is, maar nog netjies genoeg is om vir iemand te gee, by die kerk kom aflaaï sodat dit na kinders toe kan gaan wat nie het nie? Maak seker dis mooi netjies en skoon en dat al die knope aangewerk is en pak dit alles sommer in 'n plastieksak en vra Mamma om jou na die kerkkantoor toe te bring.
- * Gebruik jou sakgeld en koop 'n pakkie koekies of twee en draai dit mooi toe. Maak 'n mooi kersfeeskaartjie self en gee dit saam met die pakkie vir 'n maatjie wat jy weet wat nie hierdie jaar 'n geskenk gaan kry nie.

Onthou dat die ware betekenis van Kersfees niks met al die blink kersbome, pakkies en liggies te doen het nie, maar dat al hierdie goed ons help om te onthou dat God ons so lief gehad het dat Hy vir Jesus as geskenk vir ons gegee het om vir ons die Lig van die wêreld te wees. Daarom kan ons weer vir ander ietsie spesiaals gee of doen en van Jesus vertel!

Penniefluitjie

Kontakdetails:
Lita Spreeth
(Junior Kategesehoof)

Telefoonnommer: 082 453 8421
E-pos: duimelita@gmail.com

Jesus het ons almal lief!



Liewe Ouers,

Baie dankie dat julle jul kinders hierdie jaar aan ons toevertrou het.

Ons het nog hulp nodig by die Junior Kategese en indien julle van enigiemand hoor wat geroepe voel om ons te kom help met klasgee, gordyne, matte of enige planne om die klasse netjies te maak en in 'n tuiste vir ons kinders te omskep, laat hoor gerus van julle.

Mag julle 'n geseënde en veilige vakansie saam met julle kinders geniet!

Groete in Jesus,

Lita



Ander soort diere en goed...

In die vorige Penniefluitjie het oom Casper Erasmus vir julle 'n woordraaisel oor die tien plaë opgestel.

Kon julle al die antwoorde kry?

Hierdie keer sit ons vir julle die antwoorde in, sodat julle kan vergelyk.

Laat weet gerus of julle dit geniet het en dalk nog sulkes wil doen, dan maak ons weer so!!

X	L	Z	A	F	S	H	T	R	A	L	F	C	P	G
E	F	M	P	N	Q	V	I	L	K	N	P	A	A	V
W	A	T	E	R	I	N	B	L	O	E	D	M	D	N
B	E	L	S	M	G	H	T	A	V	X	L	A	D	J
D	N	F	A	J	E	U	O	K	D	W	C	P	A	B
G	G	W	H	I	M	U	G	G	I	E	S	J	S	I
S	W	O	M	V	N	A	Z	J	B	M	T	I	K	U
P	C	N	F	Q	U	Q	C	Y	S	W	E	R	E	L
R	T	W	X	S	P	P	B	H	T	H	E	O	I	Z
I	B	D	V	M	G	Q	S	R	Y	A	K	S	X	T
N	X	O	W	X	F	V	C	Y	B	E	V	R	M	F
K	D	N	D	D	I	E	J	H	A	E	L	Z	S	O
A	C	K	Q	H	G	E	V	F	L	E	I	Y	K	U
N	R	E	D	K	R	G	P	Z	Y	Z	E	H	N	G
E	E	R	S	G	E	B	O	R	E	N	E	U	T	L